The Child Care Worker ISSN 0258-8927 Vol.7 No.6 June 1989

Die kinderversorger

EDITORIAL: PROFESSIONALS AND JARGON 2
ASHLEY THERON SKRYF OOR KINDERSORG OORSEE 3
PETER POWIS TALKS TO ROSE SEPTEMBER 6
A WRITING COMPETITION FOR CHILD CARE WORKERS 8
ANN LEVETT ON SEXUAL ABUSE AND POPULAR IDEAS 9
CONFERENCE AT STARR COMMONWEALTH 11
BESOEK AAN KINDERINSTANSIES IN GEORGE 12
WELFARE POLICY AND STRUCTURES IN SOUTH AFRICA 14
WHO ON EARTH IS COLIN SMEETON? 15

Tydskrif van die Nasional Vereniging van Kinderversorgers

International Network Affiliate
CWLA
Child Welfare League of America

Kopiereg © 1989 Die Nasionale Vereniging van Kinderversorgers, Posbus 23199, Claremont 7735. Telefoon: 021-790-3401. The Child Care Worker/Die Kinderversorger word op die 25ste van elke maand, behalwe Desember, uitgegee. Kopie afsluitdatum vir alle bydrae is die 6de van elke maand. Subskripsiegeld vir NVK lede: R5.00 p.j. Nie-lede: R15.00 p.j. Subskripsiegeld vir agentskappe en biblioteke: R20.00 p.j. Kommersiële advertensies: R2.50 per kol./cm. Betrekking advertensies t.o.v. kindersorg poste is gratis. Alle navrae, artikels, briewe, advertensies en subskripsies kan aan die Redakteur by bogenoemde adres gestuur word.
Redaksiekommissie. Lede: Merle Allsopp BA, HDE, NHCRCC; Annette Cockburn LTCL, Dip.Ad.Ed.(UCT); Peter Powis MA (Kliniese Sielkunde); Rose September BA (MW), BA (Hons), Dip.Ad.Ed.; Reneë van der Merwe BA (MW) (Stellenbosch). Verenigde Koninkryk: Peter Harper MSc (Kliniese Sielkunde); VSA: Dina Hatchuel BSocSc (SW) (Hons) PSW, MSocSc.
Redakteur: Brian Gannon

National Association of Child Care Workers
Nasionale Vereniging van Kinderversorgers

The National Association of Child Care Workers is an independent, non-racial organisation which provides the professional training and infrastructure to improve standards of care and treatment for children in residential settings.
Die Nasionale Vereniging van Kinderversorgers is 'n onafhanklike, nie-rassige organisasie wat professionele opleiding en infrastruktuur verskaf om versorging en behandeling standaarde vir kinders in residensiële omgewings te verbeter.

National Executive Committee/Nasionale Uitvoerende Raad
Nasionale Voorsitter/National Chairman: Ashley Theron BA (SW), BA (Hons), NHCRCC, MICC, 39 Michael Hendricks Street, Charlesville 7490. Tel: 021-418-1730 or 021-934-8789.
National Treasurer/Nasionale Tesourier: John Saxey AIAC, FICB(SA), P.O. Box/Posbus 3212, Cape Town/Kaapstad 8000. Tel: 761-7591.
Members/Lede: Roger Pitt (Border), Ernie Nightingale (Natal), Leon Rodrigues (Wes-Kaap), Barrie Lodge (Transvaal).

Directorate/Direktoraat
National Director/Nasionale Direkteur: Brian Gannon BA (Hons), MA, AICC, P.O. Box/Posbus 23199, Claremont 7735. Tel: 021-790-3401.
Regional Director (Transvaal): Di Levine BA (SW) (Hons), MA, MICC, P.O. Box 95129, Grant Park 2051. Tel: 011-728-3728.
Streetdirekteur (Oostelike Provinsie en Natal): Lesley du Toit BA (Soc.Sc), Hons BA (SW), Hons BA, MICC, Posbus 28323, Malvern 4055. Tel: 031-44-1106 .

Streekselcretaresse/Regional Secretaries
Transvaal: Joan Rubenstein, P.O. Box/Posbus 27791, Yeoville 2143. Tel: 011-648-1120
Natal: Kathy Mitchell, P.O. Box/Posbus 28119, Malvern 4055. Tel: 031-44-6555
Border/Grens: Sarah Burger, Posbus/P.O. Box 482, King Williams Town 5600. Tel: 0433-21932
Wes-Kaap/Western Cape: Nicola van Rensburg, St Michaels, Hoofweg 63 Main Road, Plumstead 7800. Tel: 021-797-4186

NACCW/NVK

SPONSORED BY THE CHILDRENS FOUNDATION

Say something in Child Care

He draweth out the thread of his verbosity finer
than the staple of his argument
– Shakespeare: Love's Labour's Lost

When speaking in public, our National Chairman Ashley Theron has a habit of treating jargon with the contempt it deserves. "Children ... (grootwoord) ... need opportunities for ... (grootwoord, grootwoord) ... making decisions" may be all that is left of a complex paragraph once he has stripped it of unnecessary wordage – and what is left is enough. The language of psychology, sociology and social work (and by contagion the language of child care) is too often so elevated as to be useless.
We read that in England, 90% of owners of video recorders do not know how to record a programme, so incomprehensible are the printed instructions. It was with some concern that the Editorial Board of this journal discovered that three-quarters of its readers were graduates, with inevitable questions arising as to what extent we are reaching child care workers.
It is a common challenge to professionals today, to realise that alone they cannot change the world; those who do the work, those who are in more constant touch with the people, are the para-professionals. The professionals, more and more, are having to teach and make themselves understood by those at the coal-face. The challenge to graduates today is 'What good is your learning if you keep it to yourself?' The challenge to this journal has been 'What good is your teaching if child care workers do not understand it?'
We are working on that. The solution seems to lie in greater awareness of the *range* of our readership: we need to satisfy everyone each month, perhaps through a larger journal with more specialisation, certainly with a more conscious selection of material each month bearing all of our readers in mind. But this month we are dangling a carrot in front of child care workers themselves (see page 8) so that we can hear something in *their* language.
For those of you who are not child care workers – and who therefore may not enter this competition – here is a new 'executive toy' for you to play with. We understand this Jargon Generator "was technologically formulated to assist you to verbalise quantitatively to optimum audience stupefaction". Should be helpful as you prepare for the coming staff meeting.

Die eerste van vier artikels waarin Ashley Theron sy indrukke van kindersorg programme in Amerika en die Verenigde Koninkryk weergee

Kindersorgdienste Oorsee

Ashley Theron

Direk na afloop van die Internasionale Konferensie in Washington DC in 1988, is 'n kort studiebesoek in verband met kinder- en jeugsorg, met spesiale verwysing na die voorkomings- en behandelingsprogramme vir die jeugdige oortreder, in drie state van die VSA afgelê. Ek was blootgestel aandie volledige reeks programme vir die hantering van jeugoortreders, wat die volgende insluit:

- Voorkomingsprogramme wat jeugklubs, programme deur straatwerkers vir jeugdiges op straat, en alternatiewe skoolprogramme insluit.
- Gemeenskapshuise (group homes) vir verhoorafwagtende jeugdiges.
- Bewaringsentrums wat slegs daarop ingestel is vir die aanhouding van jeugdige oortreders.
- Behandeling binne gemeenskap – beraad en terug na ouers.
- Waarskuwing, vermaning of boete vir nominale oortredings.
- Werkspanne (work squads) waar jeugdiges gevonnis word om vir 'n sekere tydperk betrokke te wees in, onder andere, opruimingswerk van die plaaslike owerheid.
- Restitusie programe wat, onder andere, "Victim Offender Programme" en gemeenskapsdiens vir jeugdiges insluit.
- 'n Dagbehandelingsentrum wat gebaseer is op situasies waar jeugdiges by hul ouerhuis woon en bedags 'n sentrum bywoon waar daar aan hul skolastiese, emosionele en maatskaplike probleme aandag gegee word.
- Gemeenskapshuise waarheen jeugdiges gevonnis word om in te skakel by die behandelingsprogramme wat vir hulle aangebied word.
- Kinderhuise.
- Korrektiewe inrigtings, die eweknie van kindersorgskole in Suid-Afrika.
- Behandeling van jeugdiges as volwasse oortreders afhangende van die kind se ouderdom en tipe oortreding.

Die volgende gespesialiseerde programme is waargeneem:

- Residensiële en nie-residensiële sorg aan straatkinders.
- Voorbereidings programme vir 'n onafhanklike leefwyse.
- Programme om spesiale pleegouers te werf en te keur vir gedragsmoeilike jeugdiges.
- Die behandeling van kinders en jeugdiges op 'n buite-pasiënt basis.

Dit was ook moontlik om dienste wat aan, onder andere, die "American Native" (die sogenaamde Rooihuid), swart en Hispaniese Amerikaners gelewer word, te ondersoek. Dit is vasgestel dat ten spyte van die kritiek wat op Suid-Afrika gelewer word ten opsigte van sy binnelandse beleid, daar ook op 'n meer subtiele wyse gediskrimineer word teen hierdie groepe en veral teen die "American Native". Ek het 'n onderhoud gevoer met 'n dame wat 'n sielkundige is en wie se man hoof was van 'n inrigting vir jeugdige "American Natives" (albei van hulle ook "American Natives") wat openlik beswaar gemaak het teen die diskriminasie.

Algemene Indrukke

Vervolgens sal ek my algemene indrukke gee oor my besoek aan Amerika en dan sal ek kortliks verslag doen oor elk van die instansies wat ek besoek het en programme wat ek waargeneem het.

Ek was beïndruk met die betrokkenheid van die owerhede en die gemeenskap by die hantering van die jeugdige oortreder. Die reeks bogenoemde dienste, wat van voorkomende dienste tot korrektiewe dienste strek, behoort nagevors te word. Meeste van die dienste kan met vrug toegepas word in ons gemeenskappe.

Die feit dat assesserings- en behandelingsdienste by hul bewaringsentrums ontbreek, is volgens my 'n groot leemte. Ek is van mening dat dit, tesame met eie voorkomingsdienste, die grondslag behoort te vorm vir enige van die ander dienste wat aanbeveel word.

Ek was nie verbaas toe selfs persone wat betrokke was by die bewaringsentrums daarna verwys het as "kindertronke" nie. As daar een area is waar baanbrekerwerk gedoen kan word en waar Suid-Afrika die voorbeeld vir Engeland en Amerika kan stel, is dit by die uitbou van die beleid ten opsigte van die funksies van assessering en behandeling in ons veiligheidsplekke. Die bewaringsentrum is, soos die naam aandui, slegs daarop ingestel om kinders in 'n tipe gevangenis-atmosfeer aan te hou. Daar word klem gelê op die sekuriteitsaspekte en dit blyk onmoontlik te wees vir kinders om uit die sentrums te dros.

Daar was die indruk verkry dat, ten spyte daarvan dat daar so baie dienste gelewer word deur verskillende staats- en privaat organisasies, daar nie veel gedoen word om die dienste te koördineer nie.

Daar word baie finansiële steun verleen aan programme vir kinders. Wanneer die aantal personeel in verhouding met die aantal kinders vergelyk word met die situasie in Suid-Afrika, is dit duidelik dat kinders genoegsame individuele aandag verkry. 'n Verhouding 1 tot 3 is algemeen alhoewel daar in sommige gevalle, waar kinders dit benodig, 'n persooneellid aangestel word om betrokke te raak by die versorging en behandeling van een kind.

Die daarstelling van 'n gemeenskapshuis vir 10 verhoorafwagtende seuns klink vergesog. Dit is juis omdat hierdie program selektief is ten opsigte van watter kinders hulle opneem en kind-georiënteerd is dat dit suksesvol is. Derhalwe was dit makliker om die Departement van Justisie te oortuig om kinders in dié tipe "oop" gemeenskap te plaas. Dit is vanselfsprekend dat daar meer personeel benodig word om intensief met hierdie kinders te werk.

Dit was veral in Minnesota opgemerk dat die meeste van die kinder- en jeugsorgwerkers betrokke was by opleiding. Baie van die personeel het reeds ten minste 'n Baccalareus graad gehad of was besig met 'n graadkursus. Dit was egter ook gevind dat baie van die personeel die beroep verlaat nadat hulle gekwalifiseer het. Dit is moontlik dat dié probleem verband hou met die lae status van die beroep.

Besoeke en Besprekings in Washington DC

Dupont Groephuis

Hierdie gemeenskapshuis word uitsluitlik gebruik vir verhoorafwagtende seuns en word as alternatief gebruik vir 'n plasing in 'n bewaringsentrum. Die huis wat besoek was is een van drie sulke wooneenhede wat 'n aanduiding is dat dit 'n suksesvolle program volg, en dus deur die Departement van Justisie in Amerika as alternatiewe plasing aanvaarbaar is.

Dit is ook so dat daar tot 'n groot mate wegbeweeg word van die groot inrigtings na die sogenaamde groep- of gemeenskapshuise (group homes) en geld dit vir alle persone wat normaalweg in inrigtings versorg word. In hierdie spesifieke huis word 'n maksimum van 10 seuns gehuisves.

Hierdie inrigting kan tot 'n groot mate as 'n assessering- en behandelingsentrum

beskou word. Daar is gemiddeld 3 kinder- of jeugsorgwerkers (in Amerika word die woord kinderversorging (child care) vervang deur jeugwerk "youth work") wat met 10 kinders op 'n gegewe tyd werk en wat bygestaan word deur 'n volledige span vakkundiges. Aanbevelings word aan die howe gemaak ten opsigte van die plasing van die kinders, hetsy terug by die ouers of in alternatiewe sorg.

Episcopaalse Kindersentrum
Hierdie inrigting is 'n kinderhuis wat 'n gespesialiseerde diens aan emosioneel-versteurde seuns lewer. Daar is alle geriewe wat 'n skool op die perseel insluit. Die skool word bygewoon deur seuns van die gemeenskap asook ander inrigtings wat hierdie tipe intensiewe sorg benodig. Daar is slegs akkommodasie vir 21 seuns. Dit word verwag dat die kinders naweke by hul ouers sal deurbring. Vandaar die term 5-dag per week behandeling.
Weereens word goed-opgeleide personeel wat as jeugraadgewers (youth counsellors) bekend staan aangestel om deel uit te maak van die span wat die kinders versorg en behandel. Vanweë die aard van die program, is die personeel-kind verhouding klein en wanneer nodig kan dit selfs een tot een wees.
Dit is vanselfsprekend dat die ouers van die seuns betrek word by die behandelingsprogramme vir die seuns. Kragtens die huidige wetgewing met betrekking tot kinders in Suid-Afrika (Wet op Kindersorg No.) sou hierdie tipe program ideaal wees, maar wanneer die persentasie ouers in aggeneem word wat aktiewe belangstelling ten opsigte van hul kinders in pleeg- of inrigtingsorg toon, veral in die kleurling komponent, dan is dit moeilik om te sê hoe suksesvol so 'n program hier in Suid-Afrika sal wees.

Besoeke en Besprekings in Minnesota

Katahdin Dagbehandelingsentrum
Soos die naam aandui, is Katahdin 'n nie-residensiële program vir jeugdige oortreders en kinders wat hulle gereeld aan skoolversuim skuldig maak. Die program is gemik op jeugdiges wat dringend omvattende dienste benodig en wat andersins in kinderinrigtings opgeneem sou word. Slegs kinders wat onder die jeughof jurisdiksie val en wat deur maatskaplike werkers of onderwysers geïdentifiseer word vir hierdie tipe hulp, word aanvaar.
Jeugdiges woon by hul ouerhuise en woon die sentrum by tussen 08h00 en 16h30 van Maandag tot Vrydag. Afhangende van die oortreding, sowel as die aantal oortredings, sal hulle vir periodes wat wissel tussen 4 tot 9 maande, na die sentrum verwys word.
Daar is hoofsaaklik twee tipe programme: Een program is vir jeugdige oortreders tussen die ouderdom 12 tot 18 jaar wat reeds skuldig bevind is aan ten minste twee ernstige oortredings en wat uit 'n stabiele gesin situasie kom. Hierdie jeugdiges moet ook gewillig wees om hulle gedrag te verander en hul skoolloopbaan voort te sit. Hierdie program

Hierdie jeugdiges moet ook gewillig wees om hulle gedrag te verander en hul skoolloopbaan voort te sit.

bied die volgende:
- 'n Akkrediteerde skoolprogram met 'n geïndividualiseerde leerplan ontwerp.
- 'n Doelgerigte behandeling benadering wat individuele, groep- en gesinsberaad insluit.
- Ontwikkeling van onafhanklike lewensvaardighede.
- Ontwikkeling van indiensneming vaardighede wat beroepsvoorligting en die plasing in werksituasies insluit.
- Diverse maatskaplike en ontspanning aktiwiteite, sowel as betrokkenheid in gemeenskapsdiens onder toesig.

Die tweede program is vir jeugdiges tussen die ouderdom van 12 tot 15 jaar wat 'n plaaslike skool bywoon en wat hulle skuldig maak aan skoolversuim. Dit bied die volgende:
- 'n Akkrediteerde skoolprogram met 'n geïndividualiseerde leerplan ontwerp.
- Akademiese assessering.
- Individuele, groep- en/of gesinsberaad.
- Geleidelike herinskakeling in hul oorspronklike of in 'n ander geskikte skool.
- Nasorgdienste vir die jeugdiges en gesinne wat die programme voltooi het.

Weereens is personeel die sleutel tot die sukses van die sentrum wat voorsiening maak vir 18 kinders in die eerste program en 12 kinders in die tweede program. Die personeel bestaan uit 'n program direkteur, 'n onderwys koördineerder wat verantwoordelik is vir die 4 onderwysers, en 'n senior raadgewer (counsellor) wat verantwoordelik is vir 6 jeugraadgewers. Die minimum kwalifikasie vir die personeel is 'n BA graad (verkieslik in jeugwerk) met twee jaar ondervinding in jeugwerk. Die goeie skakeling tussen die onderwysers en raadgewers dra by tot die sukses van die program.
'n Tipiese dag by die sentrum sien as volg daaruit:
08h00 Aktiwiteite begin, ontbyt, ontspanning.
09h00 Vergadering vir personeel en kinders.
09h30 Skoolprogram met klem op wiskunde en Engels.
11h30 Middagete.
12h30 Beraad aan kinders in groepverband.
13h30 Maatskaplike en ontspanning aktiwiteite.
15h00 Program eindig vir meeste kinders.
Kinders wat addisionele ondersteuning, individuele beraad en individuele hulp met skoolwerk benodig, kan aanbly tot 16h30.

Straatwerk
Die geleentheid was ook gebied om die strate van St Paul en Minneapolis te besoek met 'n straatwerker om patrone van bende aktiwiteite, jeugmisdaad, dwelmgebruik en -handel en prostitusie te bestudeer.
Wanneer die situasie met Suid-Afrika vergelyk word, dan blyk dit asof die straatkinders in Minneapolis ouer is en ook vir ander redes hul ouerhuise verlaat. Dit is gewoonlik die kinders wat by hul ouerhuis mishandel word of wat van hul ouers vervreemd geraak het, of wie ontevrede is met hul ouers.
Die straatwerkers is ook goed-opgeleide personeel wat 24-uur per dag beskikbaar is vir die kinders op straat. Die jeugwerker met wie ek die strate besoek het, het 'n meestersgraad in jeugwerk.

Freeport West Incorporated
Hierdie organisasie is 'n kinder- en gesinsorg organisasie wat in die volgende drie programme spesialiseer:
Assessering van gesinne (Family Assessment Programme)
Hierdie program word aangebied vir gesinne van jeugdiges wat met die gereg gebots het. Die diens word aan die gesinne by hul huise gelewer. Die dienste sluit in die assessering van die gesin se sterk punte, areas van disfunksionering, en bronne wat aangewend kan word vir verandering. Dit geskied oor 'n 4-week periode en sluit in:
- Onderhoude.
- Waarneming binne die gesin se woning.
- 'n Volledige geskrewe verslag.
- Aanbevelings vir verandering en die ontwikkeling van 'n gesinsplan.
- Dien as skakel tussen die gesin en gemeenskapsbronne.

Gemeenskapshuis (Treatment Group Home)
Hierdie behandelingsprogram word aangebied op 'n residensiële basis en daar word gefokus op jeugdige oortreders (seuns) tussen die ouderdom 13 tot 18 jaar, as 'n alternatiewe plasing in 'n korrektiewe inrigting. Dit word ook gebruik om kinders se herinskakeling in die gemenskap te vergemaklik. Dit bied die volgende dienste:

- Jeugdiges word gehelp om selfbewustheid te ontwikkel, om sensitief te wees vir die regte en behoeftes van andere en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie gedrag.
- Die ontwikkeling van maatskpalike vaardighede wat jeugdiges benodig om deel te neem aan die gemeenskap aktiwiteite.
- Individuele, groep- en gesinsberaad.
- Beroeps- of opvoedkundige voorligting.
- Spesiale onderwerp opleiding.
- Beraad wat verband hou met oortreding.
- Verwysing na gemeenskapsbronne en die leer om daarvan gebruik te maak.

Projek Solo ("Project Solo")
Hierdie program is gemik daarop om jeugdiges tussen die ouderdom 16 tot 18 jaar toe te rus met lewensvaardighede wat hulle sal help om onafhanklik te kan fungeer in die gemeenskap. Dit is veral van toepassing vir jeugdiges wat 'n geskiedenis van maatskaplike diens-ingryping het. Indien jeugdiges 'n onafhanklike lewenswyse vir hulself ten doel stel, sal hulle baat vind by die program. Die dienste wat die program bied is:

- 'n Situasie waar die jeugdiges lewensvaardighede oefen en ontwikkel in 'n nagebootse wooneenheid, terwyl hulle geëvalueer word, onderrig en ondersteun word deur opgeleide en ervare leermeesters.
- Jeugdiges moet die kursus oor 'n periode van 12 weke (21-uur per week) volg, terwyl hulle in 'n gemeenskapshuis of by hul ouers of pleegouers woon tydens die opleiding.
- Die leerplan sluit die volgende areas in: Beroeps- of opvoedkundige vaardighede; vaardighede in huishoudelike bestuur; vaardighede om gemeenskapsbronne te gebruik; vaardighede in geldbestuur; vaardighede in gesondheid en veiligheid; interpersoonlike vaardighede; vaardighede om jou huis te beveilig.
- Dit is belangrik dat die jeugdiges tydens die duur van 'n kursus, die geleentheid gebied word om die vaardighede wat hulle aanleer, toe te pas.
- Opvolgdienste tot op 12 maande in die vorm van kontak en aanmoediging.
- 'n Voltydse jeugwerker dien as skakel tussen die program en jeugdiges in die gemeenskap wat baat sal vind by die program. Sy dien ook as skakel met die gemeenskapsbronne en bied hulp aan om huisvesting en werk te bekom.

Ten slotte kan genoem word dat ek afskrifte van die leerplaninhoud bekom het en dat dit met sekere aanpassings by Bonnytoun Veiligheidsplek gebruik kan word.

Pleegsorg vir Gedragsmoeilike Jeugdiges
'n Ontmoeting was met Prof Burt Galaway, Dekaan van die Skool van Maatskaplike Werk, Universiteit van Minnesota, gereël waartydens 'n bespreking gevoer was oor pleegsorg vir gedragsmoeilike jeugdiges. Prof Galaway is betrokke as konsultant by 'n organisasie genaamd "Human Services Associates" wat 'n gespesialiseerde pleegsorgdiens program ontwikkel het, wat die volgende insluit:

- Die pleegsorg program is gemik op kinders en jeugdiges wat nie normaalweg aanvaarbaar is vir pleegsorg nie, maar wat ook nie baat sal vind by inrigtingsorg programme nie.
- Selfs jeugdige oortreders wat verwys word deur die jeughowe word betrek by die program.
- Spesiale pleegouers word gewerf, gekeur en opgelei en word deur 'n diensprogram ondersteun.
- Die diensprogram is so ontwerp om 'n ondersteunende, stabiele atmosfeer daar te stel waarbinne die jeudige ontwikkelingstake kan nakom en op 'n planmatige wyse van gespesialiseerde dienste gebruik kan maak.
- Die program word rondom vier sleutel konsepte georganiseer, naamlik kontraksluiting, werk met die maatskaplike netwerk, aanbied van 'n ondersteuning sisteem vir die primêre persoon wat 'n diens lewer ('n ondersteuning-sisteem vir pleegouers) en die gebruik van gemeenskapsbronne.

Daar word tans verskeie pogings aangewend om pleegouers in Suid-Afrika te werf, te keur en op te lei om hulle beter toe te rus.
Dit is egter nog steeds moeilik om pleegouers te werf vir jeugdiges en gevolglik beland baie van die jeugdiges in kinderinrigtings.
Wanneer pleegouers gewerf moet word vir gedragsmoeilike tieners of veral vir jeugoortreders, sal baie min persone die uitdaging aanvaar.
Gevolglik is inrigtingsorg in meeste van hierdie gevalle die enigste alternatief. Dit sal dus die moeite werd wees om kers op te steek by die organisasie "Human Service Associates", sodat daar aandag gegee kan word aan hierdie alternatief vir inrigtingsorg.

A CASE STUDY FOR STAFF MEETINGS:

Keep off those Pills

Cathy Catastrophy is an enthusiastic child care worker at Good 'n Kleen Children's Village. She is a member of Knees Up Athletic Club and is preparing to run the Comrades Marathon. She is a health fanatic and swallows at least 20 different coloured vitamin pills each day.

Unfortunately, Cathy's enthusiasm and abundance of energy is not matched by appropriate concentration powers, as she is inclined to jump from one task to another leaving a trail of uncompleted tasks in her wake. This leaves the children feeling angry and unimportant and her lack of attention to detail creates a sense of great frustration among her colleagues. Children are allowed to miss appointments with specialists and few apologies are ever made for lateness or non-attendance.

These issues have previously been discussed with Cathy and in spite of apologies and promises to pay more attention to her work, no evidence of this is yet visible.

Cathy is eager to be involved in the activities of the Village and readily volunteers to do extra duties. She has arranged a cross country race for all the teenagers to be held within the next two weeks. These duties distract her from her own tasks and responsibilities. She is also an enthusiastic contributor at any staff training session, and freely offers advice and makes suggestions.

Both the principal and social worker have tactfully tried to deal with these issues. Subtle hints and indirect statements have been made and relevant literature has been recommended for reading. Nothing seems to help. Just yesterday, Cathy forgot to fetch a child from the out-patients department and at 5.30 pm reported the child as an absconder!

Benny Brightideas and Lotta Listeningskills have agreed to meet at 2.00 pm to formulate their plan of action.

What will it be?